Zinka se verdediging en sy verslag van die dood van Johannes die Doper

**10** **Zinka** sê: "Meester! On wil tog nie ook by die betrokke saak betrek word nie? Ons meester en gebieder was tot op hede Herodus. Hy het baie gedoen wat eintlik gruwelik onregverdig is ten opsigte van die arme mensdom - ek sê dit baie duidelik, - maar wat kon ons anders doen as om sy bevele, hoe miserabel ookal ten uitvoer te bring? Wat kan een van u beulsknegte doen as u hom gebied om `n egte of vermeende misdadiger se kop af te slaan? Hy kan wel honderdmaal self volkome oortuig daarvan wees dat die veroordeelde werklik onskuldig is, - tog moet hy die skerp byl op sy nek lê!

[2] Dink u dalk dat ons nie weet van die totale onskuld van die nou kort gelede onthoofde Johannes nie? O, daarvan was ons oortuig en ons het gehou van sy wyse woorde en sy toegewyde diens aan Elohim. Hy het ons nog die mooiste lesse in die kerker gegee, het ons aangespoor om baie geduld en uithouvermoë aan die dag te lê en het ons gewaarsku van die sonde teen Elohim en teen die naaste. Hy het ons ook vertel dat daar nou in Galiléa `n Profeet van die profete en `n ware Priester van die priesters opgestaan het, wie se skoenrieme hy nie waardig was om los te maak nie! Hy verkondig toe aan ons dat hierdie Een ons sal verlos van alle boosheid en aan ons die weg van die Lig, van die Waarheid en die Ewige Lewe sou wys. Kortom, hy het ons bewakers `n les gegee asof ons sy leerlinge en sy beste vriende was.

[3] As Herodus ons gevra het wat die gevangene doen en hoe hy hom gedra, kon ons almal maar net iets goeds oor hom vertel. Dit het Herodus so goed beval dat hy Johannes self besoek het en na sy lesse geluister het. Dit sou egter nie baie geskeel het of Herodus sou hom die volle vryheid gegee het as Johannes nie, hoewel hy tog baie wys was, voortydig die groot dwaasheid begaan het om die wellustige heerser daarop te wys dat sy omgang met die mooie Herodias baie sondig was nie. Ja, Johannes slaag byna om Herodus van Herodias af te kry!

[4] Ongelukkig genoeg het Herodus in die tyd sy verjaardag met baie glans gevier. Herodias, wat deeglik op hoogte was van die swakhede van Herodus, tooi haar op hierdie dag baie spesiaal op, en verhoog daarmee haar bekoorlikheid tot ongekende hoogtes. So uitgedos kom sy met haar draak van `n moeder om hom geluk te wens, en omdat daar in sy paleis harp-, fluit- en vioolspelers was, dans Herodias toe vir die belustig wordende Herodus. Dit beval die geil bok so goed dat die dwaas `n dure eed sweer om haar alles te gee wat sy hom sou vra! Toe was dit so goed as gedaan met ons goeie Johannes, omdat hy die vervloekte hebsug van die ou vrou te veel in die weg gestaan het. Sy gee die jong vrou die wenk om die hoof van Johannes op `n silwer skottel te vra, wat hy toe - alhoewel met heimlike afsku- doen.

[5] Wel, watter nut het ons liefde vir Johannes, ons oortuiging van sy volle onskuld, en ons medelye gehad? Wat sou dit ons baat om ons luide verwensinge aan die adres van die ou en die jong Herodias te lê? Ek moes self met `n beulskneg na die gevangenis om die goeie Johannes die afskuwelike wil van die magtige heerser mee te deel, en ek moes hom bind, en hom daarna op die vervloekte blok met die skerp byl die eerbiedwaardige kop van die lyf laat afslaan. Ek het daar soos `n kind gehuil oor die groot boosheid van beide die vroue en oor die treurige lot van my vriend, wat ek so leer waardeer het! Maar watter nut het dit alles gehad teenoor die duistere, verblinde en starre wil van één enkele, magtige tiran?!

[6] So is ons dan nou uitgestuur om die profeet wat in Galilea aktief is, wat waarskynlik juis die Een is waarvan Johannes sulke groot dinge verkondig het, by te dam en aan Herodus uit te lewer. Is ons dan, as onder eed gehuurde dienaars en knegte van hierdie tiran, daarvoor verantwoordelik? Of kon ons sy diens verlaat het as ons dit wou? Het hy nie dikwels die kerker en die dood ingestel vir die trouelose verlating van sy diens nie? As ons nou so doen en handel soos wat ons moet handel, sê u dan eers, meester, watter regverdige regter sou ons dan daarvoor kon veroordeel!

[7] As u alle engele en Elohim Self uit die hemel na die aarde laat kom en `n vernietigende oordeel laat uitspreek, dan sal dit net so regverdig wees as die onthoofding van Johannes. As daar `n regverdige Elohim is, moet Hy tog duidelik wyser wees as alle mense! Is Hy egter wyser en ook nog almagtig, dan verstaan ek waaragtig nie waarom Hy op die wêreld sulke monsteragtige mense laat ontstaan het en hulle ook nog magtig laat word het nie.

[8] Dit is ook die enigste rede, waarom ek en my negeen-twintig medehelpers aan geen enkele Elohim meer glo nie. Die laaste vonkie geloof is deur die skandelike onthoofding van Johannes uitgedoof. As ek Elohim was, sou ek tog liewer duisend Herodusse deur honderdduisend bliksems laat vernietig het - as om één Johannes te laat onthoof! Dit kan wel waar wees dat Elohim vir Johannes duisendvoudig in die hiernamaals kan vergoed omdat hy die wreedheid wat hier aan hom gedoen is, geduldig en vergewend verdra het. Maar ek gee ons liewe meester nie die helfte van my lewe, waarin ek met sekerheid leef, in ruil vir duisend geluksalige lewens waarin geen mens enige sekerheid het nie!

[9] Wie die mag het, kan dikteer en doen wat hy wil. Ons swak en geweldloses moet hom egter as gevolg van strawwe van die dood soos lasdiere dien. As hy moor, beteken dit heeltemal niks, want deur sy mag

het hy die reg daartoe. Moor ons egter, dan is ons misdadigers, en word ewe-eens daarvoor vermoor. Ek vra egter aan u en aan alle menere en wyses van u raad, wat se Elohim dit moet wees wat dit as reg kan duld! - Meester, ek vra dat u vir my `n duidelike antwoord daaroor sal gee!"

## Die vriendelike antwoord van Cyrenius aan Zinka

**11** **Cyrenius** trek groot oë op by hierdie bedenkinge en sê half hardop teenoor My: "Die man is egter nie op sy agterkop geval nie en skyn `n goeie inbors te hê. Hy sal gehelp moet word! Wat dink U, o Meester, moet die man en uiteindelik ook sy gevolg vir ons gewen word?"

[2] **Ek** sê openlik: "Met één hou val geen enkele boom wat `n bietjie stewig is nie! Maar met `n sekere geduld kan `n mens baie bereik. Ook moet `n mens diegene wat `n mens na die lig wil bring, nie in die volle middagson laat inkyk nie. Want as `n mens hom op één slag te veel lig gee, word hy vir `n geruime tyd blind; as `n mens hom egter langsamerhand aan die lig gewoond maak, sal hy ook in die felste lig alles baie duidelik kan sien sonder om blind te word.

[3] Hierdie man het My nou `n goeie diens bewys omdat hy as oog- en oorgetuige My leerlinge nougeset beskrywe het hoe My voorloper Johannes, wat in die omgewing van die Jordaan gepreek en gedoop het, deur Herodus gevange geneem en om die lewe gebring is. Nie vir My nie, maar vir My leerlinge moet hy nog vertel waarom Herodus Johannes dan eintlik laat vang en in die gevangenis gewerp het. Stel jy hierdie vraag aan hom!"

[4] Cyrenius sê, terwyl hy hom tot Zinka wend: "Vriend, ek wil nie dat my oordeel so uitgelê word, dat ek die dienaars en knegte van `n tiran ook wil straf wanneer hulle dit in hulle hart in die verste verte nie met hom eens is nie. Dit sal slegs gebeur as hulle wel met hom eens sal wees, onversetlik en in sekere sin reeds selfstandig die slegte voorneme van hulle heerssugtige tiran sou voltrek! Maar mense soos julle, wat die onmenslikheid van hulle onmenslike heerser maar al te goed kan insien en wat dit in hulle hart diep verafsku, sal ek steeds na reg en billikheid behandel!

[5] Waarom Elohim egter dikwels die sonde op hierdie wêreld laat triomfeer, terwyl die deugde dikwels ly en tot sterwens toe verdruk word, is daar tog ook wel `n baie goeie rede voor, maar die lig van jou teenswoordige begripsvermoë is nog te diep verborge om dit nou te kan verstaan, en dit geld ook vir jou metgeselle, wat `n nog meer oppervlakkiger verstand skyn te hê as jy. Maar daar sal wel nog `n tyd kom - miskien alreeds binnekort - waarin jy heeltemal sal verstaan, selfs met jou hele hart, waarom daar ook Herodusse moet wees!"

[6] Zinka sê: "Meester, u het my soveel barmhartigheid bewys om my met die woord 'vriend' aan te spreek, dat die veelbetekenende woord geen leë klank kan wees nie, soos wat dit nou jammerlik genoeg onder die mense maar al te dikwels gebruiklik is! As u dit egter in die ware sin van die woord gebruik het, bewys my dan u vriendskap en laat ook my nege-en-twintig metgeselle hulle bevry van die swaar boeie! Dat nóg ek nóg hulle sal vlug, daarvoor sorg ten eerste die sterk wag en ten tweede, as vernaamste rede, u vriendelike woord. Glo my - ek spreek nou ongedwonge en openlik -: "Ons is almal met die grootste teensin dit wat ons helaas is! As u ons van hierdie juk sou kon bevry, sou u `n groot menswaardige en regverdige werk verrig het!"

[7] Cyrenius sê: "Dit sal wel in orde kom, daarvoor sal ek goed sorg! Kyk om jou heen, dan sien julle niks meer as mense wat uit die kloue van die verderf gered is nie! Daar sal maar weinig onder hulle wees wat nie volgens ons Romeinse strengheid hetsy die skerpte van die byl deur die nek of selfs die kruis verdien het nie. Sien hulle nou eers as ware mense wat soos suiwer goud voor ons staan en geeneen van hulle wens om ons geselskap te verlaat nie! Ek hoop dat dit binnekort met julle ook so sal gaan, want by Elohim is volgens my vaste oortuiging, alle dinge sonder meer moontlik.

[8] Maar staan my nou toe om nog `n belangrike vraag aan jou te stel en wel die volgende: "Jy het ons almal `n groot diens bewys deur ons openlik te vertel waardeur en hoe die waardige siener van Elohim deur Herodus om die lewe gebring is. Wel, jy was seker ook by sy gevangeneming aanwesig? Sal jy my dan ook nog kan vertel waarom, en na aanleiding waarvan, Herodus nou eintlik vir Johannes, wat hom sekerlik geen kwaad aangedoen het nie, gevange laat neem het? Want hy moes tog die een of ander rede daarvoor gehad het!"